STANDAARDE VIR VEILINGS ONDER BESKERMING VAN S.A.HOLSTEIN

1. **Nasionale September veiling.** Standaarde soos gepubliseer in Junie 1999 **Holsteiner** is van toepassing

2. **Klub/streeks en ander Nationale Veilings**

   2.1 Diere wat op dag van keuring minder as G 75 klassifiseer vir uier en/of Finale klas,sal nie onder die beskerming van S.A.Holstein te koop aangebied word nie. Sodanige diere sowel as verse en bulle wat erg diskriminerende en/of diskwalifiserende eienskappe toon soos uiteengesit is die Ras handleiding, sal volgens die diskresie van die S.A.Holstein beampte, vir die veiling goed-of afgekeur word.

   2.2 Diere wat nie aan bogenoemde standaarde voldoen nie sal nie in die veilingsring te koop aangebied word nie.

   2.3 Diere wat nie volgens die klub of aangestelde veilingskomitee se standaarde kwalifiseer nie, sal deur die beampte aan die afgevaardigde van die klub uitgewys word. Die afgevaardigde sal die klub of komitee se besluit aan die verkoper oordra.

3 **Privaat veilings**

   3.1 Die standaarde van toepassing is diesselfde soos uiteengesit in punt 2.1

   3.2 Diere wat nie kwalifiseer nie, sal egter aan die einde van die veiling in die ring aangebied word.Die afslaer sal voor die aanvang van die veiling sodanige diere se lotnommers voorlees, en spesifiek aankondig dat diesulke diere nie onder S.A.Holstein se beskermimg aangebied word nie.Dieselfde prosedure moet weer deur die afslaer gevolg word aan die einde van verkope van goedgekeurde diere.

4 **Alle veilings**

   Die verkoper moet in besit wees van ’n TB en BM sertifikaat, wat ingehandig moet word aan ’n S.A.Holstein amptenaar voor die veiling wat aandui dat die hele kudde negatief/vry getoets het, maar in die geval van TB, sal spesifieke sertifikate van die diere aanvaarbaar wees. Geen dier sonder die nodige sertifikaat sal op die veiling perseel toegelaat word nie.

Standaarde en prosedures soos in hierdie dokument vervat, sal van krag bly tot anders besluit en sodanige besluit gepubliseer is.

Martin van Staden
Tegniese Bestuurder

GLYSKAAL VIR PRIVAAT VEILINGS ONDER BESKERMING VAN S.A.HOLSTEIN

OMSET	**% BETAALBAAR**
R 750 000 en minder	**= 1%**
R 750 000 to R 1 000 000	**= 0.8%**
R 1 000 000 tot R 1 500 000	**= 0.75 %**
Meer as R 1 500 000	**= 0.50 %**